Versorg So Jou Tuinmeubels.

MOET jy gereeld snedige aanmerkings oor jou grys, verweerde tuinmeubels aanhoor?
Wel, jy kan gerus die bekkiges toesnou dat dit mode is en hulle verwys na winkels wat meubels met 'n verweerde voorkoms verkoop.
Volgens 'n eienaar van 'n onderneming wat meubels verkoop, sal jou meubels 'n beperkte lewensduur hê as jy dit nooit behandel nie, maar dit is beslis 'n neiging wat by baie mense byval vind. Sy winkel vervaardig onder meer meubels van grys, uitgebleikte hout sonder om dit te behandel. Wat houtbehandeling betref, is hy nie 'n groot voorstander van behandeling met vernis nie.
"Ons behandel glad nie ons houtmeubels met vernis nie. Ons gebruik 'n preserveermiddel van olie wat die hout voed en dit 'n mooi voorkoms gee."
Hy meen geverfde tuinmeubels is steeds baie gewild. Hy sê ligter kleure is meer gewens, aangesien donker kleure hitte aantrek. Met die nodige beskerming kan jou tuinmeubels goed bewaar bly teen die aanslag van die natuur.
Volgens kenners is dit noodsaaklik om jou meubels voor elke winter en somer te behandel, aangesien die seisoene die felste aanslag op die hout het.
"Indien die meubels in 'n goeie toestand is en jy wil dit weer vernis, skuur dit net liggies of met fyn skuurpapier tot jy die bestaande laag vernis gebreek het," sê hy.
"Wend dan minstens twee lae vernis aan, maar sien toe dat jy 'n vernis koop wat spesiaal vir die buitelug vervaardig is en dus ultra-violetbeskerming bied," sê die kenner.
Dit is natuurlik geriefliker as die armleunings van 'n stoel of bank lekker glad is.
Daarvoor sal jy dan die leunings deegliker moet afskuur om die uitwerking te kry.

http://phantocomp.weebly.com